NICO VAN BURICK

# Nuut op die rak!




VOERONTLEDER

## MEET WAT IS IN JOU RANTSOEN

Die X-NIR™ is 'n draagbare handtoestel vir graan- of voerontleding. Die boer kan dus binne sekondes die eienskappe van voerrantsoene, soos kuilvoer, vasstel deur die persentasie vog, stysel, ruproteïen, suurbestande vesel (ADF), neutraalbestande vesel (NDF), as en vette te bepaal.

Só 'n toestel is veral nuttig vir melkboere. Beter beheer oor wat in die totaal gemengde rantsoen voorkom en hoe dit by verskillende kuddes se voedingsbehoeftes inpas, is dus met hierdie toestel moontlik.

Die onmiddellike assessering van die rantsoen spaar tyd en beperk die vermorsing van grondstowwe. Verhoog winsgewendheid en verbeter koeiprestasie deur veral droëmateriaal, energie- en proteïenvlakke in die rantsoen te monitor en waar nodig aan te pas.

Die toestel is maklik om in te stel en te gebruik en die resultate is dadelik beskikbaar. Met behulp van die raakskerm kan 'n mens maklik toegang tot al die funksies kry.

Die X-NIR™ het 'n lae onderhoudskoste en gebruik, byvoorbeeld, 'n herlaaibare battery.

**Prys:** Tot einde Maart geld 20% korting en beloop die prys sowat R192 500 (BTW ingesluit). Die prys is bereken op grond van die wisselkoers teen druktyd.

VANAF R192 500 BTW INGESLUIT

NAVRAE: Mnr. Gary Morrison van Tega Marketing, tel. **083 628 4312**; e-pos: **gary@tega.co.za**.

GLOEILAMP

## ALTYD LIG

'n Kragonderbreking hoef jou nie te verras en in die donker na flitsligte of vuurhoutjies te laat soek nie. Dié herlaaibare gloeilamp werk net soos ander gloeilampe, maar het 'n ingeboude battery. As die krag afgaan, sal die gloeilamp die battery as energiebron gebruik en vir sowat ses uur bly brand. Dit het 'n tweejaar-omruilwaarborg en is by Hinterland-takke beskikbaar.

**Prys:** R125 (BTW ingesluit)



R125 BTW INGESLUIT

NAVRAE: Me. Este King, tel. **018 464 7458**; e-pos: **este.king@hinterland.co.za**.




ONTSMETTING EN DROGING

## VIR SKOON DIEREHOKKE

Sanisec is 'n poeier wat gebruik word om dierehokke te ontsmet en droog te maak.

Dit kan onder meer ook gebruik word vir die droogmaak van pasgebore diere en werk veral goed vir naelstringdroging.

Die produk kan in alle diere-soorte se hokke gebruik word, dien as insekweerder en bring 'n algemene verbetering van die omgewing in die hok mee. Die poeier verminder enige ammoniakreuk en is 'n natuurlike produk wat nie giftig is nie.

Dit het 'n neutrale pH en het nie 'n nadelige invloed op diere se vel nie.

Dit is verder fosfaatvry en hoog in waterabsorpsie: 1 kg absorbeer 2,5 liter water.

**Prys:** 'n Sak van 5 kg kos R139,65 en een van 25 kg kos R555,75 (BTW ingesluit).
Die pryse is volgens die wisselkoers teen druktyd bereken.

VANAF R139,65 BTW INGESLUIT

NAVRAE: ADDCON Africa, tel. **011 460 4002**; e-pos: **carnett@iafrica.com**; web: **www.addcon-africa.net**.

UIERTOETS

R464 BTW INGESLUIT

## VROEË WAARSKUWING VAN INFEKSIES

Die maatskappy Portacheck vervaardig 'n reeks draagbare toetse wat melkboere self op die plaas kan gebruik om dieregesondheid en melkgehalte te verbeter. So kan produksie en daarmee saam winsgewendheid bevorder word. Een van dié toetse is UdderCheck waarmee 'n boer in 'n vroeë stadium kan bepaal of 'n koei uierinfeksie het (byvoorbeeld mastitis). Om te toets word die melk van die koei op 'n toetsstrokie gespuit en die resultaat word op die strokie self gelees. Die strokie meet dan of daar uierinfeksies is. Dit duur sowat twee minute voor die resultaat gesien kan word.

**Prys:** R464 vir 50 strokies (BTW ingesluit)

NAVRAE: Mnr. Gary Morrison van Tega Marketing by tel. **083 628 4312**; e-pos: **gary@tega.co.za**.

